
# Grond




# Belangrikheid van grond

- Mense het grond nodig om te leef.
- Ons plant plante in grond om te eet.
- Ons bou ons huise en geboue op grond.






# Belangrikheid van grond


- Diere soos beeste en bokke eet gras wat in grond groei.
- Hase, molle, muise en sommige insekte bly onder die grond.



# Tipes grond

Daar is 3 tipes grond:

1. Sandgrond
2. Kleigrond
3. Leemgrond





# Kleigrond



By kleigrond kleef die grondeeltjies aan mekaar vas. Kleigrond hou water baie lank vas en daarom staan plante wat daarin geplant is dan te lank in water en kan verrot.






# Leemgrond

Leemgrond is die beste grond om plante in te plant. Dit is 'n mengsel van sandgrond en kleigrond en dit word nie te nat of te droog nie.





# Sandgrond

Plante groei nie goed in sandgrond nie. Dit word maklik deur die wind weggewaai. Dit is hard, droog en sanderig as jy daaraan vat.






Sand



Leem



Klei




# Bogrond

- Die belangrikste deel van grond vir mense en diere is die bogrond. Dit is die grond waarin plante groei.
- Dit kan maklik weggespoel of weggewaai word.
- Plante groei in die bogrond en keer dat die wind en reën die grond vernietig.


# Grond erosie


As daar geen plante groei nie, word die bogrond deur reënwater weggespoel of deur die wind weggewaai. Ons noem dit erosie.





# Kompos





- Ons kan die grond in ons tuin in 'n goeie toestand hou deur kompos daarby te voeg.
- Kompos verskaf voedingstowwe aan plante.
- Jy kan jou eie kompos maak.

